Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

*Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!*

# Parashah 9: Vayeshev (בשיו) – En Hy Het Gewoon

*En Jakob het gewoon in die land van die vreemdelingskap van sy vader, in die land Kanaän.*
Gen. 37:1

**Torah : Gen. 37:1 tot 40:23**

- **Inleiding**
- **Gen. 39:3 tot 5** – Josef, Man van Goeie Werke en Integriteit.
- **Gen 39:2, 3, 21 en 23** – Voorspoed te midde van teenspoed.
- **Gen. 39:10 tot 12 –** Om te vlug is beter as om weerstand te bied!
- **Gen. 40:14 –** Onthou met gepaste handeling.

**Haftorah: Amos 2:6-3:8** – Naasteliefde.

**B'rit Chadashah:** Hand. 7:9 tot 16; Matt. 22:37 tot 40; Joh. 13:34

## Midrash (Torah Bespreking)

### Inleiding

Die gedagte vervat in die openingswoorde van hierdie parashah, naamlik: *Jakob het gewoon*, is dat hy, na alles wat met hom gebeur het sedert hy die eersgeboortereg by Esau vir 'n maaltyd van lensiesop geruil het, nou uiteindelik tot rus kon kom in die Beloofde Land, Kanaän! Jakob kon hom en sy geliefdes nou vestig in die land wat YHVH aan Abraham en Isak, asook aan hom, deur 'n verbond belowe het. Maar hierdie vestiging en woon in die Beloofde Land sou egter van korte duur wees, want YHVH het ook aan Abraham gesê:

*Weet verseker dat jou nageslag vreemdelinge sal wees in 'n land wat aan hulle nie behoort nie; daar sal hulle diensbaar wees en verdruk word vier honderd jaar lank.* Gen. 15:13.

Hierdie parashah is die begin van die geskiedenis wat gaan eindig waar Jakob en sy nageslag hulle in Egipte gaan vestig – *'tydelik'* vir sowat 400 jaar. Josef is die sleutel wat hierdie drama gaan oopsluit. Hy gaan die sleutelrol vervul in YHVH se uiteindelike vervulling van die belofte van die Beloofde Land en hy is die sinnebeeld van Yeshua wat die sleutelrol speel in YHVH se plan van versoening tussen God en die mensdom en die uiteindelik herstel van Israel!

Stefanus som die geskiedenis van Josef kortliks soos volg op:

*Hulle, ons vaders, was jaloers op Yosef en het hom na Egipte toe verkoop, maar God was met hom en het hom uit al sy moeilikhede verlos en hom onverdiende guns en wysheid gegee voor Farao, die koning van Egipte en dié het hom aangestel as hoof administrateur oor Egipte en oor sy hele huis. Daar het 'n hongersnood en groot benoudheid oor die hele Egipte en Kena'an gekom en daar was niks om ons vaders te versadig nie, maar toe Ya'akov hoor dat daar graan in Egipte was, het hy ons vaders eerste uitgestuur en die tweede keer het Yosef hom aan sy broers bekendgemaak en Yosef se familie het aan Farao bekend geword. Toe het Yosef gestuur en sy vader Ya'akov en sy hele familie laat roep, vyf en sewentig mense. Ya'akov het afgegaan na Egipte en is daar dood, hy en ons vaders en hy is oorgeplaas na Sh'khem en begrawe in die graf wat Avraham met silwer gekoop het van die seuns van Hamor.* Hand. 7:9 tot 16 – PWL Vertaling[1].

Alles wat YHVH gespreek het, sal Hy doen, want God is nie 'n mens dat Hy sal lieg nie (Num. 23:19; Titus 1:2). Die wyse wat YHVH egter Sy planne uitvoer is dikwels vir die mens onbekend.

In hierdie week se parashah sien ons ook die begin van gebeure wat uiteindelik die verdeling van Israel in twee huise tot gevolg sal hê. Die nageslag van Josef en Juda sal uiteindelik hierdie twee huise van Israel vorm!

## Gen. 39:3 tot 5 – Josef, Man van goeie werke en integriteit

In hierdie week se parashah maak ons nader kennis met Josef, wat geleef het op 'n wyse dat almal, insluitend Potifar, die hofdienaar van Farao, kon sien dat YHVH met hom was!! Wat 'n getuienis en voorbeeld van ons voorvader!!

*Toe sy meester sien dat יהוה met hom was en dat יהוה alles wat hy doen, in sy hand voorspoedig maak, het Yosef guns in sy oë gevind en hom gedien. Hy het hom aangestel oor sy hele huis en alles wat in sy besit was, aan sy hand toevertrou. Dit het gebeur dat, vandat hy hom aangestel het oor sy huis en oor alles wat in sy besit was, יהוה die huis van die Egiptenaar geseën het ter wille van Yosef; die seën van יהוה was op alles wat syne was, in die huis en op die veld.* Gen. 39:3 tot 5 – PWL Vertaling.

Josef se lewe was sodanig dat selfs die ongelowiges, die wat YHVH nie geken het en geen verhouding met die Allerhoogste gehad het nie, kon sien dat YHVH met Josef was. Selfs Potifar se huishouding was geseën terwille van Josef!

Hiervolgens is dit duidelik dat Josef nie net geglo het in YHVH nie, maar dat Hy ook in alles aan YHVH gehoorsaam was, net soos sy voorvader Abraham (Gen. 26:4 en 5).

Josef was te alle tye, en te midde van alle omstandighede, altyd 'n man wat in afhanklikheid en erkenning van sy Skepper-God gelewe het – 'n man van goeie werke en integriteit!

[1] PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch

*Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.* Matt. 5:16.

**Bepeins of Bespreek**

1. Die vrug (resultaat) van ons lewe en leefwyse is ‘n kragtiger getuienis as ons woorde. Dikwels wil mense nie hoor wat ons sê nie, maar wil sien en beleef wie en wat ons is! Daarom het iemand by geleentheid gesê: *Gaan en verkondig die Evangelie en waar dit nodig is, gebruik woorde*!

## Gen 39:2, 3, 21 en 23 – Voorspoed te midde van teenspoed

Volgens die hedendaagse Christenleerstelling van voorspoed het Josef as jongman nie voorspoed geken nie, want hy is deur sy afgunstige broers aan Medianitiese handelaars verkoop en hy het in ‘n vreemde land in die huis van Potifar beland. En tog lees ons dat in die huis van Potifar was YHVH met Josef sodat hy ‘n voorspoedige man was tot so ‘n mate dat Potifar hom as hoof van sy huishouding en oor alles wat hy besit aangestel het (Gen. 39:2 tot 4). Op onregverdige wyse is Josef egter deur Potifar se vrou valslik beskuldig dat hy teen haar sin met haar gemeenskap gehad het (Gen. 39:14). Weens valse beskuldigings het Josef toe in die gevangenis beland, maar ons lees:

יהוה *was egter by Yosef en Hy het met omgee na hom toe afgebuk en hom guns gegee in die oë van die bevelvoerder van die tronk. Die bevelvoerder van die tronk het almal wat in die gevangenis opgesluit was, in Yosef se hand oorgegee en alles wat hulle daar gedoen het, was sy werk. Die bevelvoerder van die tronk het gladnie toesig gehou oor iets wat aan hom toevertrou is nie, omdat* יהוה *met hom was en wat hy ook al doen, het* יהוה *voorspoedig gemaak.* Gen. 39:21 tot 23 – PWL Vertaling.

Ten spyte van Josef se voorbeeld van getrouheid en integriteit, asook sy goeie werke in die gevangenis, is hy deur die voorman van die skinkers vergeet, en dit nadat Josef hom gevra het:

*Onthou my egter wanneer dit met jou goed gaan en bewys my asseblief ‘n guns en praat van my by Farao en bring my uit hierdie huis uit, want waarlik, ek is gesteel uit die land van die Hebreërs en ek het hier ook niks gedoen waarvoor hulle my in die tronk gesit het nie.* Gen. 40:14 en 15 – PWL Vertaling.

Is bogenoemde voorspoed volgens die hedendaagse maatstaf soos deur die Christendom verkondig word?

Hierdie deel van Josef se geskiedenis leer ons dus om te herbesin oor ons definisie van voorspoed, asook oor die hedendaagse leerstelling van geestelike oorlogvoering.

Daar is ‘n fyn lyn tussen die verwagting van voorspoed en gierigheid (hebsug). In die verband het David Wilkerson ‘n groot waarheid gesê:

*The greatest deception in the modern church is the matter of using God's Word to put a badge of approval on covetousness* – David Wilkerson.

Voorspoed word vooraf gegaan deur die soeke na YHVH se Koninkryk en Sy geregtigheid (Matt. 6:33). Anders gestel: Voorspoed volg op die hakke van vertroue en gehoorsaamheid!

Ons leer ook hieruit dat materiële voorspoed tydelik van aard is – dit kan in een oomblik van ons weggeneem word. Geestelike voorspoed het egter ewigheidswaarde. Dit is die skatte wat ons bymekaar moet maak en wat mot en roes nie kan verniel nie (Matt. 6:19 en 20).

Ons lees ook nie dat Josef geestelike oorlogvoering gedoen het of Satan beskuldig het as die oorsaak van sy lot nie! Nee, want Josef het voorspoed ervaar te midde van teenspoed. Hy kon berus dat

YHVH in beheer was. Hy kon steeds sy vreugde in YHVH vind en in gehoorsaamheid in alles wat YHVH beveel het. Josef het in elke situasie alles gedoen wat YHVH-God van hom verwag het. Daarom was YHVH met Hom en het aan hom goedertierenheid (guns) bewys ten spyte van die omstadighede waarin Josef homself bevind het.

**Bepeins of Bespreek**

1. Bepeins of bespreek Joh. 10:10 in die lig van bogenoemde. Wat beteken dit dat Yeshua gekom het dat ons lewe en oorvloed kan hê? Wat is die belangrikste: Geestelike of materiële oorvloed? Wat sal jy kies indien jy slegs een van die twee kon kies?

2. Wat is die verskil, indien enige, tussen geestelike oorlogvoering (*spritual warfare*) en voorbidding (*inetrcession*). Het ons voorvaders voorbidding of geestelike oorlogvoering gedoen? Kan ons Satan en sy magte bind of kan ons hulle net uitdrywe ('verjaag').

*The early church was married to poverty, prisons and persecutions. Today, the church is married to prosperity, personality, and popularity* – Leonard Ravenhill.

**Gen. 39:10 tot 12 – Om te vlug is beter as om weerstand te bied!**

*Dit het gebeur dat, nadat sy dag ná dag met Yosef gepraat het en hy nie na haar wou luister om by haar te lê of om by haar te wees nie, hy eendag in die huis gekom het om sy werk te doen terwyl niemand van die mans van die huis binne was nie en sy hom aan sy kleed gegryp en gesê het: "Kom lê by my." Hy het egter sy kleed in haar hand laat agterbly en weggevlug en na buite gegaan* (PWL Vertaling)

Dikwels is dit beter om van sonde weg te vlug as om weerstand te bied, veral wat seksuele sondes aan betref. En dit is dan dikwels ook beter om die gevolge van wegvlug te dra as om te gesondig het! Dit is die les wat ons leer uit Josef se ondervinding met Potifar se vrou. Sy het sonder om enige doekies om te draai by herhaling vir Josef gesê om met haar gemeenskap te hou (Gen. 39:7, 10 en 12). Tot die dag wat hulle alleen was en sy na hom gegryp het en hy van haar weggevlug het en sy kleed in haar hand agter gebly het.

Josef het nie gebly om met haar te redeneer nie. Hy het ook nie bly weerstand bied of deur vasberadenheid nie aan die versoeking toegegee nie! Nee, hy het van die versoeking van sonde weggevlug!! Dit herinner ons aan Yeshua se woorde in Luk. 14:31 en 32:

*Of watter koning wat optrek om teen 'n ander koning slag te lewer, gaan nie eers sit en beraadslaag of hy in staat is om met tien duisend die een te ontmoet wat met twintig duisend teen hom kom nie? Anders stuur hy 'n gesantskap as die ander een nog ver is, en vra vredesvoorwaardes.*

Wat die versoeking van seksuele sondes aan betref is daar altyd 'n oormag teen jou – vra maar vir die meerderheid mans. Daarom raak jy nie in hierdie oorlog betrokke nie! Nee, jy slaan op die vlug! Jy onderhandel ook nie vir vrede nie!

Paulus skryf in sy brief aan Timotheus:

*Vlug weg van al die begeertes van die jeug, hardloop na onpartydigheid en opregtheid, vertroue, liefde, vrede, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid, saam met die wat hulle beroep op ons Meester met 'n suiwer verstand, wil en emosie.* 2 Tim. 2:22 – PWL Vertaling.

Yeshua het ook gesê:

*Hoe uitermate gelukkig is dié wat rein van verstand, wil en emosie is, want hulle sal God sien.* Matt. 5:8 – PWL Vertaling.

**Bepeiens of Bespreek**

1. Satan ken ons elkeen se swakpunte (swak hoedanighede) waar ons kwesbaar is en hy sal altyd op dit fokus met versoekings. Dit is van hierdie versoekings waarvan ons moet wegvlug eerder as om weerstand te probeer bied. Verwys in die verband na Jak. 1:13 tot 15.

2. Is dit kuisheid of wysheid dat ‘n getroude man en vrou uit verskillende huwelike verkieslik nooit alleen saam behoort te wees nie? Dieselfde vraag geld ten opsigte van ‘n getroude man of vrou alleen saam met ‘n ongetroude vrou of man?

*Unless we take command over our personal battlefields we may end up captives to our own weaknesses.*

## Gen. 40:14 – Onthou met gepaste handeling

*Onthou my egter wanneer dit met jou goed gaan en bewys my asseblief ‘n guns en praat van my by Farao en bring my uit hierdie huis uit* (PWL Vertaling)

Die Hebreeuse woord *zakar* (Strong’s H2142) word in die Afrikaanse Bybel vertaal as *gedenk, dink, onthou, in gedagtenis bring en noem*. In die Engelse vertalings word dit hoofsaaklik as *remember* vertaal.

Die eerste keer waar ons hierdie woord (*zakar*) in die Skrif vind, is na die sondvloed in Gen. 8:1 en dan in Gen. 9:14 en 15 met die verbondsluiting tussen YHVH en Noag na die vloed:

*En God het **gedink** (zakar) aan Noag en aan al die wilde diere en al die vee wat saam met hom in die ark was; en God het ‘n wind oor die aarde laat waai, sodat die waters gesak het.*

*As Ek dan wolke oor die aarde bring en hierdie boog verskyn in die wolke, dan sal Ek **dink** (zakar) aan my verbond wat daar bestaan tussen My en julle en al die lewende wesens, in alle vlees. En die waters sal nie meer ‘n vloed word om alle vlees te verdelg nie.*

Hierdie *dink* in bogenoemde teksverse is meer as net dat YHVH die gebeurtenis van die sondvloed en verbond sal onthou, maar die onthou het met ‘n gepaste handeling gepaard gegaan. In Gen. 8:1 het YHVH na die reën ***gedink*** aan Noag en die diere in die ark en Hy het ‘n wind oor die aarde laat waai sodat die waters gesak het. Terwyl in Gen. 9:14 en 15 sal die reënboog die teken wees wat YHVH sal laat onthou **(dink)** aan Sy verbond met Noag en Hy sal seker maak dat die waters nie weer ‘n vloed sal word wat alle vlees verdelg nie. In beide gevalle sien ons dat wanneer YHVH aan iets dink, naamlik dit onthou of in gedagtenis bring, dan onderneem Hy ook om iets daaraan te doen.

In Gen. 40:14 lees ons aangaande Josef in die tronk dat hy vir die voorman van die skinkers vra om hom *in gedagte te hou* (*zakar*) en om van hom *melding te maak* (*zakar*) by Farao. Josef vra dus die skinker om nie net te onthou dat hy in die tronk is nie, maar ook om iets daaraan te doen om hom te bevry. *Zakar* is dus om te onthou (te gedenk, in gedagtes te bring) en om iets te doen aangaande dit wat onthou word. In Skriftuurlike konteks is *zakar* dus meer as om net jou verstandelike vermoë te gebruik. Dit is om op ‘n gepaste wyse te reageer op dit wat in gedagtenis gebring word.

Ons wil ook graag hê dat Vader-God ons moet *zakar* (aan ons moet dink), veral in tye van nood. YHVH het aan Sy verbond met Israel gedink (*zakar*) toe hy die kinders van Israel se gekerm in Egipte gehoor het (Ex. 2:24; Ex. 6:4) en Hy het hulle van die slawejuk verlos. So wil ons ook hê dat YHVH

aan Sy verbond met ons in Yeshua Messias moet dink (*zakar*) en ons uit ons nood verlos en moet voorsien volgens ons behoeftes. Wanneer ons in gebed na ons Vader gaan dan probeer ons nie om Hom van gedagte te verander nie, of om Hom te oortuig nie, maar ons vra Hom om te *zakar* aan Sy genadevoorsiening in Yeshua. Ons herinner Vader aan Sy beloftes en vra dat Hy ons daarvolgens sal seën, voorsien of verlos.

Die woord *zakar* word ook gebruik in die gebede wat in die Skrifte opgeteken is. So byvoorbeeld het Moses vir die volk voorbidding gedoen met die woorde:

***Gedenk** (zakar) aan Abraham, Isak en Israel, u knegte, vir wie U by Uself gesweer en aan wie U gesê het: Ek sal julle nageslag vermenigvuldig soos die sterre van die hemel, en hierdie hele land waarvan Ek gespreek het, sal Ek aan julle nageslag gee, dat hulle dit vir ewig kan beërwe.* Ex. 32:13.

So het Jeremia ook tot YHVH geroep en gesê:

*YHVH, U weet dit; **dink** (zakar) aan my en besoek my, en wreek my op my vervolgers. Neem my in u lankmoedigheid nie weg nie. Weet dat ek smaad dra om U ontwil*. Jer. 15:15.

Ons gebede is soos trompette (shofars) wat geblaas word en wat ons voor die aangesig van die Vader bring sodat Hy aan ons sal dink (ons sal *zakar*). Dit is die versekering wat ons as gelowiges in Yeshua Messias het.

*En as julle in jul land in oorlog kom teen die vyand wat met julle veg, moet julle met die trompette alarm blaas; dan sal aan julle **gedink** word voor die aangesig van YHVH julle God, en julle sal van jul vyande verlos word.* Num. 10:9

***Dink**, YHVH, aan u barmhartigheid en u goedertierenhede, want dié is van ewigheid af. **Dink** nie aan die sondes van my jonkheid en aan my oortredinge nie; **dink** aan my na u goedertierenheid, om u goedheid ontwil, o YHVH!* Ps. 25:6 en 7.

YHVH ons God beveel ons egter ook om te *zakar*, naamlik om aan sy onderrig en instruksies te dink en deur gepaste wyse daarvolgens te handel.

*Maar die goedertierenheid van YHVH is van ewigheid tot ewigheid oor die wat Hom vrees, en sy geregtigheid vir kindskinders, vir die wat sy verbond hou en **aan sy bevele dink om dié te doen**.* Ps. 103:17 en 18.

YHVH kan alleenlik aan ons dink en op gepaste wyse handel om ons te seën en te verlos indien ons aan Sy bevele dink en dit doen, naamlik om daarvolgens te handel. Ons moet voortdurend aan Hom en aan Sy onderrig en instruksies dink (*zakar*).

*Soos met vet en vettigheid sal my siel versadig word, en my mond sal roem met jubelende lippe as ek aan **U dink** op my bed, in die nagwake oor U peins.* Ps. 63:6 en 7.

*Spreek met die kinders van Israel en sê aan hulle, hulle moet vir hulle klossies maak aan die hoeke van hul klere, in hulle geslagte, en aan die hoekklossies 'n draad van pers stof vasbind. En dit sal julle as klossies dien: as julle dit sien, moet julle **aan al die gebooie van YHVH dink, dat julle dit doen** en nie jul hart en jul oë navolg waar julle agter aan hoereer nie, sodat julle **aan al my gebooie mag dink en dit doen**, en aan julle God heilig mag wees.* Num. 15:38 tot 40

Ons moet nie net kennis neem van YHVH se onderrig en instruksies nie. Nee, ons moet dit nougeset in ons lewens toepas!! Om te *zakar* is om te onthou (dit in herinnering te roep) en dit dan te gaan doen! Dit is om daders van die Woord te wees en nie net hoorders nie. Hy wat die Woord (Torah – die onderrig en instruksies) hoor en dit nie doen nie, bedrieg homself (Jak. 1:22).

Die shabbat en die feestye van YHVH is geleenthede waar ons dink (*zakar*) aan dit wat YHVH vir ons gedoen het. Hierdie is gedenkdae, naamlik dae wat ons in herinnering roep dit wat YHVH ons beveel en wat Hy vir ons gedoen het en waar ons dit dan gedenk deur gepaste handeling. So lees ons ten opsigte van die Pesag in Ex. 12:14:

*And this day shall become to you a remembrance. And you shall observe it as a festival to* יהוה *throughout your generations – observe it as a festival, an everlasting law. (The Scriptures, 1989).*

Die Hebreeuse woord vir gedenkdag (*memorial*) is *zikron* (Strong's H2146) en is verwant aan *zakar*. Ons moet aan die shabbat en YHVH se ander feeste dink en hierdie dae op gepaste wyse vier (gedenk). Dit is deel van die onderrig en instruksies van die Vader aan Sy kinders.

Indien ons wil hê dat ons Vader ons moet *zakar*, dan moet ons Hom *zakar*. Ons moet YHVH ons God en Vader, en al Sy onderrig en instruksies (Sy Torah), onthou (*gedenk, in gedagtenis bring en noem*) om dit nougeset te doen. Dit is wat elkeen wat deur die kosbare bloed van Yeshua geregverdig verklaar is, moet doen. Dan sal Vader-God aan ons dink, asook aan al Sy beloftes, en op gepaste wyse handel om in al ons behoeftes te voorsien.

# Midrash Haftorah (Haftorah Bespreking)

## Amos 2:6 tot 3:7 – Naasteliefde

*So sê* יהוה*: "Oor drie oortredinge van Yisra'el, oor vier, sal Ek dit nie herroep nie omdat hulle die onpartydige en opregte vir silwer verkoop het en die behoeftige vir 'n paar sandale.* Amos 2:6 – PWL Vertaling.

Volgens bogenoemde teksvers is die verband tussen hierdie week se Parashah en Haftorah Skriflesing duidelik. Josef is deur sy broers onregverdig en liefdeloos behandel en is vir geld aan die Medianitiese handelaars verkoop (Gen. 37:28). Met dit in gedagte is die profeet Amos na die Noordelike Koninkryk (die huis van Efraim, ook genoem Josef of Israel) gestuur met die aanklag dat hulle onregverdig en liefdeloos teenoor hulle naaste optree.

Gedurende die profetiese bediening van Amos het die Noordelike Koninkryk polities, ekonomies en geestelik veilig gevoel. Amos waarku hulle egter dat hierdie 'n valse gerustheid is wat spoedig tot einde sal kom! Hulle selfversekerde eie-geregtigheid sal gestraf word! Die oortreding van die gebod van naasteliefde was die aanklag teen hulle!

Deur Amos sê YHVH vir Israel dat Hy ten opsigte van drie oortredinge met hulle geduldig kan wees, maar dat die vierde onmiddelike strafgerigte regverdig! Wat is die drie oortredinge waarna verwys word? Volgens Hebreeuse denke is dit die sondes van afgodery, bloedskande en moord. Vir hierdie oortredinge gun YHVH die oortreder tyd om tot inkeer te kom en om vergifnis te vra. Maar die onregverdige, liefdelose en onsensitiewe behandeling van medemens, asook die gepaardgaande uitbuiting van die armes en weerloses, is 'n groter gruwel as die eerste drie. Hiermee het YHVH geen geduld nie!

Nou kan ons wel die vraag vra: Hoekom beskou YHVH die onregverdige en liefdelose behandeling van ons naaste as 'n '*ernstiger*' oortreding as die sonde van afgodery, bloedskande en moord? Die antwoord is te vinde in die woorde van Yeshua oor liefde vir YHVH en naasteliefde:

*"Jy moet* יהוה*, jou God, liefhê vanuit jou hele verstand, wil en emosie, vanuit jou hele gees, vanuit al jou kragte en vanuit al jou verbeelding en begrip. Dit is die eerste en grootste opdrag en die tweede, wat net soos dit is: jy moet jou naaste liefhê net soos jouself. Aan hierdie twee opdragte hang die hele Wet en die Profete."* Matt. 22:37 tot 40 – PWL Vertaling.

Yeshua verduidelik naasteliefde verder toe Hy gesê het:

*'n Nuwe opdrag gee Ek vir julle, dat julle mekaar moet liefhê; net soos Ek julle liefgehad het, so moet julle ook mekaar liefhê.* Joh. 13:34.

Hiermee het Yeshua nie bedoel dat dit nuut is soos iets wat nie voorheen bestaan het nie, maar dat dit 'n nuwe openbaring van naasteliefde is. Hy het 'n meer breedvoerige verduidelik en definisie van naasteliefde gegee, naamlik om ons naaste lief te hê op die wyse wat Hy ons liefhet! Dit is die toets van naasteliefde, naamlik: Het ek my medemens op dieselfde wyse lief as wat YHVH Yeshua my liefhet?

Liefde vir YHVH is die grootste gebod en liefde vir naaste kan daarmee gelykgestel word. Oortreding van die gebod van naasteliefde is dus gelykstaande aan die '*grootste*' oortreding!

Dit kan ook soos volg verduidelik word: Die gebod van liefde vir YHVH en liefde vir medemens is soos 'n gordynstok en die Torah en die profete is die gordyne. Die gordyne van Torah en van die profete hang dus aan die gordynstok van liefde vir YHVH en liefde vir medemens. Oortreding van die gebod van liefde vir YHVH en medemens is vergelykbaar met 'n gebreekte gordynstok – daar is niks waaraan die *gordyne* van Torah en die profete kan hang nie. Daarom kan die doel van die Torah en die profete nie in die lewe van die oortreder van die liefdesgebod vervul word nie!! So 'n persoon is in geestelike duisternis!

*Daarom, wie ook al sê dat hy in die Lig is, terwyl hy sy broer haat, is steeds in die duisternis. Wie sy broer voortdurend liefhet, bly in die Lig en daar is geen oortreding in hom nie, maar hy wat sy broer haat, is in die duisternis en leef in die duisternis en weet nie waarheen hy gaan nie, omdat die duisternis sy oë blind gemaak het.* 1 Joh. 1:9 tot 11 – PWL Vertaling

Die Huis van Efraim (Josef) van ouds was in geestelike duisternis, want hulle het die grootste gebod – die gebod van naasteliefde – oortree en YHVH kon nie anders as om hulle te oordeel nie.

**Bepeins of Bespreek**

1. Wat is makliker? Om YHVH lief te hê of jou medemens? Onthou: Ware liefde is om lief te hê sonder om iets terug te verwag. Is dit hoe jy jou naaste liefhet?

2. Is dit maklik om jou naaste lief te hê wanneer jy bedreig voel deur sy optrede en mag? Het Josef se broers nie bedreig gevoel deur Josef se drome en Jakob se liefde vir Josef nie? Waarskynlik, maar dit was nie rede om liefdeloos teenoor hulle broer op te tree nie!

3. In die lig van hierdie week se Haftorah Skriflesing is dit gepas om selfondersoek te doen of daar nie dalk iewers 'n saad van rassisme nog in ons harte is nie. Is rassisme nie die rede vir YHVH se strafgerigte teen mense en volke nie? Is ons in Suid Afrika besig om te oes wat ons en ons voorgeslagte gesaai het? Ek weet daar is verskille oor die Skrifte se definisie van rassisme! Was Israel ooit rassisties – in die verlede en huidiglik?

4. Volgens Hebreeuse denke is die betekenis van haat om iemand minder lief te hê as wat jy jouself liefhet. Is ons almal skuldig aan die oortreding van die gebod van naasteliefde?

*Kindness is the language the deaf can understand and the blind can see. No act of kindness, no matter how small is wasted.*

*Never look down on anybody, unless you're helping them up.*

*People don't care what you know until they know that you care* – President Roosevelt.

*You can always find someone less fortunate and giving generously is a proper response of gratitude for the grace which God has bestowed upon you.*

**Nota:** Die skrywe van Mahdokt Walter oor rassisme is aan te beveel en is beskikbaar deur op die volgende skakel te kliek: http://nuwelied.info/wp-content/uploads/2012/02/RacialHatred1.pdf

-o-o-o-o-o-o-o-o-o-

*Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is* (Hand. 17:11).

Shabbat shalom.
Johan

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*